DAG 23

Ware Christenskap

Lees Spreuke 3:5-10.

Vertrou volkome op die Here… (v. 5).

Daar is twee dinge waaraan Christenskap gemeet word:

- Vertrou jy werklik op die Here?
- Kan die Here my werklik vertrou?

In elke vraag word die woord "vertrou" gebruik. Vertroue is 'n verhoudingsterm. Die kwaliteit van enige verhouding is slegs so sterk soos die kwaliteit van vertroue in daardie verhouding. Dit impliseer dat die twee partye mekaar goed ken.

Die eerste toets vir ons Christenskap is of ek werklik in 'n verhouding met die lewende Here leef. Glo ek dat die Here werklik sal doen wat Hy vir my gesê het? Dan is dit immers maklik om te doen wat Hy van my verwag.

Dit bring ons by die volgende kernvraag: Kan God ons werklik vertrou? Hy wil dat ons totaal binne sy wil sal lewe. Dit sluit ons totale menswees, ja, elke faset van ons lewe in. Alles wat ons doen

moet in ooreenstemming met sy heilige wil vir ons wees. Kan Hy ons werklik vertrou met dit wat Hy van ons vra?

Here, gee dat ek daagliks in gedagtes, woord en daad van my Christenskap bewys sal lewer.

Aantekeninge: